RANDJIENUUS
2 FEBRUARIE 2024

HOËRSKOOL RANDBURG
AKADEMIE • SPORT • KULTUUR

MATRIEKDAS

Ons hoofleiers, **Elaine Wijnbeeck en Willie Lindeque**, het hulle matriekdasse in die saal ontvang.

Vanjaar se das is deur **Marinda Cameron (gr. 12)** ontwerp. Marinda sê dat die inspirasie vir die das by die verskietende sterre begin het, aangesien 'n Randjie haar nie net aan 'n ster herinner nie, maar ook aan 'n verskietende ster. Iemand wat helder bo-oor ander skyn en voetspore in die hart van die skool los. Hierna het sy die klein sterretjies bygevoeg omdat dit vir haar tot die idee bygedra het dat die skool 'n eenheid en een groot familie is. Laastens het sy die groot 2024 bygevoeg omdat sy geweet het dat dit die mikpunt van die das was.

Hoofleiers 2024, Willie Lindeque en Elaine Wijnbeeck

Das ontwerp deur Marinda Cameron!

LAERSKOOL UNIKA KOM KUIER

29 Januarie was 'n baie spesiale oggend vir ons matrieks! Laerskool Unika se graad 1's het hulle sterkte kom toewens vir die jaar wat voorlê. Dankie, Laerskool Unika vir hierdie mooi gebaar! Dit het vir seker ons matrieks se dag gemaak.

AKADEMIE

ADMATHS

Hoërskool Randburg is die Top Admaths skool in die land!

Die graad 11's het tweede in die land geëindig met 'n gemiddeld van **67%** vir die Novembereksamen van 2023.
Die graad 12's het algeheel eerste in die land geëindig met 'n gemiddeld van **83%** in die eindeksamen. Agt van ons gr. 12-leerders het onderskeidings behaal in die AIE eksamen.

Die aanvraag na *Admaths* het so gegroei dat ons skool gevra is om gr. 7 en 8 *Admaths* by te voeg vir die jaar 2024 en ons sal dus in 2024 gr. 7 tot 12 *Admaths* aanbied en ons sien uit daarna.

NUWE PERSONEEL

Baie welkom aan ons nuwe personeel, mag julle gelukkig by Randburg wees. Ons weet julle gaan diep spore by die skool los.

Marika Bothma (Rek), Pieter Booysen (Wisk), Dané le Roux (Wisk)

GRAAD 12 TOP PRESTEERDERS 2023

100% slaagsyfer, 94,94% kwalifiseer vir universiteitstudies, 5,06% vir verdere dimplomastudies met 363 A's en 2,3 A's per leerder. Buiten dié hierbo gelys, slaag 3 leerders met 6 onderskeidings elk, 8 met 5 onderskeidings elk en 17 met 4 onderskeidings elk. Geluk, Randjies! Jul het elkeen jul ster laat skyn en ons is so trots op julle.

Die afhaal van matriekuitslae 2023!

GRAAD 8

DIE GRAAD 8'S VAN 2024 BEÏNDRUK!!!

So stap ons gr. 8's van 2024 op 14 Januarie 2024 by die skoolhekke in, reg vir die nuwe avontuur wat vir hulle voorlê. Hulle het nie geweet wat vir hulle wag nie. Die graad-8-kamp het 'n paar uitdagings gehad van "plak soos 'n slak" tot elke SF se naam wat hulle moes leer ken. Van hulle het die afgelope twee weke die term, *sizzle soos salmon*, meer as een keer gehoor; daar is wel 200 graad aggies wat dit baie meer as een keer gehoor het en elke keer grond toe moes duik. Na die graad-8-kamp was almal pootuit en reg vir huis toe gaan.

Die eerste skooldag breek aan! Die gr. 8's is aangetrek om te kamoefleer. Na skool vir die eerste paar dae leer die gr. 8's hard aan die Groentjiekonsert en hulle dansies is vol pret! Die Groentjiekonsert was n groot sukses met drie konserte waar die saal propvol gesit is! Al die SF's was ongelooflik trots op hul klas.

Dit is egter nou die gr. 8's se beurt om te *shine* na hulle baadjieseremonie waar hulle, hulle skoolbaadjies ontvang het. Hulle is met 'n klokseremonie en erewag deur die skool verwelkom. Die aggies het 'n reis van selfontdekking ondergaan en het binne 'n paar dae van bang plankton tot trotse Rrandjies getransfomeer. Die SF's se harte loop van trots oor, want 2024 se graad 8's is nou amptelik ge-randjiefiseer.

Ingestuur deur Izelde Loots en Mia van Rooyen (SF-graad 12)

Eerste skooldag!

Groentjiekonsert!

VOL PRET!

Baadjie oorhandiging!

Klokseremonie!

Baie welkom Graad 8! Mag julle baie gelukkig by Hoërskool Randburg wees!

SPORT

ATLETIEK

Op Maandag, 22 Januarie, het ons, ons jaarlikse Interhuis gehou. Dit was definitief 'n dag om te onthou! Baie geluk aan die Blouspan wat vanjaar die atletiekbeker gewen het en die Goudspan wat die geesbeker gewen het!

Die rekords het by ons Interhuis gespat! Op die dag is agt rekords gebreek!

Baie geluk aan die volgende atlete:

- **Chané Vermeulen (gr. 12)** en **Kaili Botje (gr. 12)** wat twee rekords in die dogters 100m en 200m breek. Die twee rekords staan al van 1976!
- **Dietlof Fourie** breek die spiesgooi-rekord wat vanaf 2010 staan.
- **Marno White (gr. 9)** breek die diskusrekord wat vanaf 2019 staan.
- **Cairol Mabhude (gr. 9)** breek twee rekords in die 110m hekkies en die 400m hekkies. Albei die rekords staan al van 2010.
- **Mignon la Grange (gr. 12)** breek die rekord in die diskus wat vanaf 2022 staan.
- **Willem Lindeque (gr. 12)** breek die diskusrekord wat vanaf 2014 staan.

Ons spog graag met ons top atlete op die dag:

Beste veldatleet:

Dogters: **Mignon la Grange** – diskus o/19 - **966 punte** op die ASA-tabel.
Seuns: **Marno White** – diskus - **881 punte** op die ASA-tabel.

Beste baanatleet:

Dogters: **Chané Vermeulen** – dogters 200m – **926 punte** op die ASA-tabel.
Seuns: **Cairol Mabhude** – 110m hekkies – **761 punte** op die ASA-tabel.

Ons stel graag ons Victrix- en Victor ludorum vir 2024 voor:

Junior Victrix ludorum: Imcke Nel (gr. 8)
Junior Victor ludorum: Cairol Mabhude (gr. 9)

Senior Victrix ludorum: Daniella Kitching (gr. 10)
Senior Victor ludorum: Brennan Le Roux (gr. 11)

Baie geluk aan ons leerders met hulle puik uitslae! Ons is baie trots op julle!

SWEM

INTERHUIS:

Ons swemseisoen vir die jaar het met ons jaarlikse interhuisgala afgeskop. Baie dankie aan al die Randjies wat deelgeneem het - dit was 'n groot sukses. **Erik Breedt (gr. 10)** het ook die o/16-seuns 50m rugslagrekord met 'n tyd van 31.15 gebreek. Welgedaan!

Die beste swemmers per ouderdom op die dag:

O/14 dogter: Megan Kleynhans
O/15 dogter: Keira Bester
O/16 dogter: Simoné van Aswegen
O/17 dogter: Karla Kruger
OOP dogter: Coco Naude

O/14 seun: Jannes Neethling
O/15 seun: Thomas Pretorius
O/16 seun: Erik Breedt
O/17 seun: Ruben Naude
OOP seun: Christian Naudé

Die matrieks het die voorreg gehad om, om die swembad te braai en te ontspan en het só hul laaste skooljaar op 'n gesellige noot begin!

SKAAK

Baie geluk aan **Karli de Jager (gr. 12), Johann Bührmann (gr. 12) en Klarissa Pretorius (gr. 11)** wat aan die Gauteng interstreekskompetisie deelgeneem het wat van 12 tot 14 Januarie plaasgevind het. Johann en Klarissa is gekies om deel van die Gauteng sentraal skaakspan te wees en Karli is vir die Ekurhuleni span gekies. Karli se span het baie goed gevaar. Hulle het eerste geëindig en Karli het die bordprys vir bord 1 gewen.

KRIEKET

Die krieketseisoen het op 13 Januarie vir ons nuwe graad 8's afgeskop. Ons graad 8-krieketspelers het hulle afrigters, **Sunette Viljoen en Zander Coetzer**, ontmoet.

Randburg se krieket skop op 'n goeie noot af met ons eerste bepaling teen Trinity Randpark op 20 Januarie 2024.

Die uitslae is soos volg:

14/A wen Trinity met 30 lopies. **Joshua Swart** teken 52 lopies aan, **Bryce du Toit** teken 40 lopies, nie uit nie, aan.
15A verloor ongelukkig. **Tiaan Muller** vaar skitterend deur 54 lopies aan te teken.
16A wen met 7 paaltjies. **Louw Geldenhuys** neem 4 paaltjies en **Jacey van Tonder** teken 48, nie uit nie, aan.
Eerstespan verloor in 'n naelbyt wedstryd met 10 lopies. **Tristan Nel** teken 53, nie uit nie, aan.

Krieketuitslae teen St Alban's, Saterdag 27 Januarie 2024:

14/A klop St Albans met 4 paaltjies.
Eerstespan skitter op die veld maar die wedstryd eindig onbeslis teen St Alban's as gevolg van weerlig.
Baie geluk aan die krieketseuns wat puik gevaar het.

LAASTE TERUGFLITS VAN 2023

Daar is 'n paar ekstra nuusberigte van die einde van 2023 waarvan ons graag ook melding wil maak.

GAUTENG SPORTS AWARDS

Baie geluk aan Chané Vermeulen **(gr. 12)** wat op 18 November 2023 by die *Gauteng Sports awards* aangewys is as die **Mees belowende atleet**! Ons is baie trots op jou Chané en sien uit om jou nog baie op die atletiekbaan te sien!

CGA SUMMER CHAMPIONSHIP

Erik Breedt (gr. 10), Thomas Pretorius (gr. 9) en Keira Bester (gr. 9) het aan die *CGA Summer Championship* by St Stithians deelgeneem.

Hulle het puik resultate gelewer. Keira Bester het ook die voorreg gehad om in die 200m-borsslag met **Tatjana Schoenmaker**, die wêreld se Olimpiese kampioenswemmer, in dieselfde item uit te swem.

Welgedaan!

SPANISH DANCE CELEBRATION SHOW

Ingrid Bekker (gr. 11) en **Jana Lotz (matriek 2023)** het tydens die *Spanish Dance Society (SDS) se Spanish Dance Celebration Show* by die Lesedi Teater in Johannesburg opgetree. Die vertoning het uit optredes van verskeie ateljees van Johannesburg bestaan.

Julle twee is blink Randjie sterre!

FIETSRY

Cycling South Africa het die span atlete aangekondig wat Suid-Afrika by die *African Continental Track Cycling Championships* verteenwoordig. Hulle get vab 10 tot 14 Januarie 2024 in Cairo, Egipte, deelgeneem. Dit was wonderlik om 'n **oud-Randjie (Jean Spies)** en 'n huidige Randjie in hierdie span te sien.

Geluk aan **Gustav Roller (gr. 11)** wat in die junior span opgeneem is.

Baie trots op jou, Gustav!

ATKV DIGIPRAAT 2023

Ethan Bester (gr. 11) behaal 'n negende plek in hierdie landswye kompetisie met sy toespraak, "Geweld teen Vroue", 'n aktuele onderwerp wat hy met passie ondersteun en oordra.

Met sterk kompetisie tussen al die oorredings, vermaak en motiveringstoesprake, is dit iets besonder dat 'n inligtingstoespraak dit behaal.

Baie geluk, Ethan, dit is 'n besondere prestasie!

INK DIG & SKRYFKOMPETISIE GALA AAND 2023

Ethan Bester (gr. 11) en Mia Le Roux (matriek 2023) het in November 2023 die gala-aand van *Ink Skryf in Afrikaans* bygewoon. Tydens die geleentheid is die bundel, *Inkspraak 4 – Jeugbundel,* waarin albei se gedigte en kortverhale opgeneem is, vrygestel. By dié spogaand, het Ethan die boekprys vir Jeug Skryfkuns ontvang asook die derde plek in die Jeug Kortverhale-afdeling en Mia het die tweede plek in die Kortverhale-afdeling ontvang.

ink Skryf In Afrikaans

Spogprestasies van die twee Randjies!

SA FASHIONWEEK & JOBURG FASHIONWEEK

Lara Minnaar (gr. 12) het die ongelooflike geleentheid gehad om van 19 tot 21 Oktober vir vyf Suid-Afrikaanse ontwerpers op die planke van *SA-fashionweek* te loop. Sy is ook gekies om tydens die *African Fashion International in Joburg Fashionweek* vyf ontwerpers uit Afrika se werk ten toon te stel.

Dit wil gedoen wees, Lara. Baie geluk!

MARGOT FONTEYN INTERNATIONAL BALLET COMPETITION

Marissa van den Berg (gr. 12) het aan dié gesogte danskompetisie in Londen gaan deelneem. 79 Dansers van regoor die wêreld het aan die kompetisie deelgeneem waar hulle vir drie dae klasse deur Sarah Wildor, David Nixon en Endalyn Taylor by *Royal Academy of Dance* bygewoon het, voordat die kompetisie begin het. Marissa was een van die semi-finaliste wat elk 'n ballet-repertoire-solo en 'n nuwe choreografiestuk en *pointe* moes dans.

Haar choreografiestuk, *Woman, Life, Feedom* was baie gewild en die *Dean of Dance* van die *University of North Carolina School of the Arts*, Endalyn Taylor, was veral beïndruk.

Sy het die geleentheid gehad om op die verhoog van *His Majesty's Theatre* (waar *Phantom of the Opera* opgevoer word) in 'n splinternuwe dansstuk *Jeunesse* deur Valentino Zucchetti, van Royal Ballet, te dans. Sy het ook vir Dame Darcey Bussell en *principal dancer* by Royal Ballet, Sarah Lamb, ontmoet. Marissa het elke oomblik van die ongelooflike geleentheid geniet en sê al was daar nie baie tyd om Londen te verken nie, is dit tien dae van haar lewe wat sy nooit sal vergeet nie.

Baie geluk met die pragtige prestasies, Marissa!

KOORKAMP

Die 2024-koor het van 4 tot 6 Desember 2023 by Hartbeesfontein, Voortrekkerplaas in die Dinokeng reservaat gekamp. Daar is hard gewerk en dit was groot pret. Ons sien baie uit na die 2024-koorjaar!



JOHANNESBURGSE JUNIOR STADSRAAD

Johanné Jacobs (gr. 12) en Jan-Rudolf Brits (gr. 12) was die afgelope twee jaar deel van die Johannesburgse Junior Stadsraad. Hulle het verlede Desember hulle twee jaar termyn voltooi en die prysuitdeling bygewoon waar hulle erkenning vir hulle diens ontvang het. Tydens hulle ampstermyn het hulle verskeie nuwe vaardighede aangeleer, onder andere om toesprake in die publiek te lewer en te debatteer. Hulle was ook verantwoordelik vir organisering en deelname aan verskeie liefdadigheidsprojekte.

NOODHULPKURSUS

Ons spog graag met een van ons matriekleerders, Johanné Jacobs (gr. 12), wat in 2023 'n mediese program by *BRAS Consultants* voltooi het. Tydens hierdie program het sy 'n Gevorderde Noodhulpkursus vlak 1-3 vir die tweede keer voltooi en die Basiese Lewensondersteuning vir die derde keer voltooi. Sy het ook kursusse in bloed- en luggedrewe patogene sowel as basiese brandbestryding voltooi. Tydens hierdie program het Johanné 'n merkwaardige 131 ure en 40 minute se gemeenskapsure gewerk waar sy gesondheidsiftings in verskeie gemeenskappe gedoen het. By die program se prysuitdeling het Johanné die *Pioneering Award* vir Innovasie, Kreatiwiteit en Navorsing ontvang wat op Kardiovaskulêre noodgevalle gemik was, meer spesifiek skok, nood- en ongevalle. Weens haar bydrae tot navorsing is die *Pioneering Award* na haar vernoem en sal voortaan as *The Johanné Jacobs Pioneering Award* bekend staan.

Johanné, ons is ongelooflik trots op jou. Jy is die toonbeeld van **'n Randjie wat nooit gaan lê nie** en haar drome najaag. Ons sien uit om in die toekoms meer te lees van die waardevolle bydrae wat jy in die mediese veld gaan maak!

MAGNEETSKOOL VIR MUSIEK

Ons is baie trots op twee van ons violiste; **Elaine Wijnbeeck (gr. 12)** en Kaelyn Friguglietti. Hulle het op Saterdag, 27 Januarie oudisies vir *Simfonia Juventi* by *Pro Arte* Alphen Park afgelê.

Albei het hul oudisies geslaag:

Kaelyn - Viool II
Elaine - Viool III

Simfonia Juventi is 'n nasionale jeug-simfonieorkes onder die baton van Eddie Clayton.

Mooi so, julle twee. Nou begin die harde werk eers!

LIEF EN LEED

Baie geluk aan Meneer Lian en sy vrou, Talita, met die geboorte van hulle dogtertjie, Olivia Liané Maritz! Ons weet Olivia gaan vir julle baie vreugde verskaf!

KENNISGEWING

LAUDEM DEI

Akustika kamerkoor (o.l.v. Christo Burger) saam met *Laudem Dei* (ons volwassekoor) gee op Donderdag, 8 Februarie 2024 om 19:30, 'n uitvoering in die Hoërskool Randburg Ouditorium.

Akustika (nommer twee in die wêreld op die Gemengde Kore *Interkultur* ranglys) neem in Maart aan die *Concorso Chorale Internazionale Vox Lucensis* koorkompetisie in Lucca, Italië, deel.

Dit beloof om 'n pragtige aand van koorsang te wees.

Kontak **Juffrou Laura (083 325 7740)** vir meer inligting.

AANDAG AAN ALLE GRAAD 7'S

NETBAL – NETBALFEES
(B- EN C-SPANNE)
EN MONDAY NIGHT LIGHTS



AFHAAL VAN LEERDERS WEENS SIEKTE OF AFSPRAKE TYDENS SKOOLURE

Die volgende prosedures geld en ons versoek dat ouers asseblief streng hierby sal hou. Indien 'n leerder by die skool afgehaal moet word weens 'n afspraak van watter aard ookal, word u versoek om 'n brief te skryf met die leerder se naam en van, rede vir afhaal en tyd wanneer en wie hom/haar by die skool kom afhaal duidelik daarop aangedui. Hierdie brief moet deur mnre. Knoetze of Vosloo geteken word.

Die leerder hou die brief totdat dit tyd is om die klas te verlaat, toon dit aan die onderwyser en meld aan by ontvangs om uit te teken. Die ouer meld op die bespreekte tyd by die hoofhek aan om die kind te ontmoet.

**** Let wel: Leerders mag nie oor die interkom uit klasse geroep word nie ****

Indien 'n leerder siek word by die skool, móét hy/sy na ontvangs gaan waar Ria Hoar die nodige sal doen. *Leerders word versoek om asb. nie self ouers te kontak nie. In geval van siekte sal die skool u dadelik in kennis stel.

Leerders wat voor 10:00 uur uitgeteken word, sal afwesig gemerk word.

U samewerking in dié verband word opreg waardeer.

Vir afwesighede, vul asseblief die *Google* vorm voor 08:00 op dag van afwesigheid in: https://bit.ly/HSRBDV2020

Klerebank

Die Klerebank sal op Woensdagmiddae van 12:30 tot 14:15 oop wees vir enige leerder of ouer wat klere wil koop. Ondersteunersdrag is ook by die klerebank beskikbaar. Ons rig graag 'n versoek aan alle ouers en oud-leerders om asseblief skoolklere wat nie meer gebruik word nie, veral skoolbaadjies, aan die klerebank te skenk.

LO-Klere en Sweetpakke slegs by skool beskikbaar en nie by verskaffers nie! **Ons versoek dat ouers nie die klerebank buite hierdie ure besoek nie. Indien daar 'n noodgeval is, skakel die skool en maak dan 'n afspraak met Me. Marx in die boekwinkel. Sy kan nie elke ouer in die klerebank help nie, aangesien sy ander werk het om te doen. Hou dus asseblief by die tye!**

Randjie Gebedswag

(Randjie-ouers & -onnies wat bid)

Dit is in ons Hemelse Vader se wil dat ons deur gebed en danksegging ons behoeftes aan Hom bekend maak. Bid saam met ons Woensdag-oggende vanaf **07:30 tot 8:30**. As dit nie vir u moontlik is om saam met ons te bid nie, maar u wil deel vorm van ons bidgroep, kan u **Elizabeth van Aswegen** by **083 626 2202** skakel. Ons het 'n *WhatsApp*-groep waarop gebedsversoeke geplaas word.

CSV

Elke Woensdag, tweede pouse in T13.
Almal is welkom.

PARKERING

Ouers moet asseblief nie by die skoolterrein inry om leerders af te laai nie – stop asseblief in die parkeerruimtes in die dienspad. U word ook versoek om nie die dienspad te versper om leerders 'gou-gou' op te laai nie.

Fietse parkeer by die matriekparkering. Daar is geen koste daaraan verbonde nie, maar ons stel voor dat jy asseblief jou eie slot en ketting voorsien, aangesien ons geen verantwoordelikheid kan aanvaar nie.

Motors & motorfietse parkeer by die matriekparkering. Die koste vir parkering is **R150 per kwartaal.** **Prosedure**: Jy betaal by die finanskantoor met jou registrasienommer. Die kostes vir die hekkontrole is **R250.00** en wanneer dit weer ingehandig, word **R200.00** terugbetaal.

Algemene reëls vir parkering:

1. Die hek maak outomaties toe, moet asseblief nie die kontrole herhaaldelik druk nie.
2. Geen vinnige wegtrek (*spin*) of uitermatige hoë revolusies van voertuie of motorfietse word toegelaat nie.
3. Indien jy nie by bogenoemde reëls hou nie, sal parkering, sonder terugbetaling, geweier word.
4. Betaal asseblief eers voordat jy van die parkering gebruik maak.
5. Parkering aan die noordekant (afdak T10 en T11) en aan die suidekant (by die musieksentrum) word vir personeel gereserveer.

****

NEEM ASSEBLIEF KENNIS DAT HOËRSKOOL RANDBURG GEEN VERANTWOORDELIKHEID OF AANSPREEKLIKHEID VIR ADVERTENSIES AANVAAR NIE.

ADVERTENSIES

WOENSDAE 12:30 – 14:15

Kaartbetalings alleenlik na 14:00

Advertensies



LEANDRI WILLIS
BIOKINETICIST

Our practice has a special interest in...

- Injury Rehabilitation
- Pre + Post Surgery Rehabilitation
- Chronic Disease Management
- Lifestyle Management
- Sports Conditioning
- Neurological Disorder Management
- Discovery Vitality Assessments
- Sport-Specific Testing
- Sports Strapping

OUR PRACTICE IS MOVING TO A NEW LOCATION

1 February 2024

204 Oak Ave, Ferndale, Randburg, 2194

LEANDRI WILLIS BIOKINETICIST

Contact information

Leandri - (073) 448 3414
Robyn - (071) 671 5377
leandri@wdpbio.co.za

We will also be available at **Circle Senior Living Sandown**
9 Adrienne St, Sandown, Sandton, 2031

TRIUMPH
Mathematics
Wiskunde Privaattutor
By Triumph Mathematics streef ons daarna om elke leerling se volle potensiaal op individuele vlak te ontgin.
Kontak Ons:
karlienjohnson1@gmail.com
www.triumphmaths.com
082 566 5917

NINA'S TUTORING ROOMS
AFRIKAANS FAL
AFRIKAANS EERSTE ADDISSIONELE TAAL
40 minute per klas
Aanlyn klasse
Aandklasse
Vir ouderdom 13 - 18
Graad 7 - 9 Dinsdagaande
Graad 10 to 11 Woensdagaande
Graad 12 Donderdagaande
Niena van Aswegen
B.Ed (Hons)
25 jaar ondervinding
SPESIALISEER IN:
HUISWERK
EKSAMEN VOORBEREIDING
KURRIKULUM ONDERSTEUNING
LEES EN BEGRIPSVAARDIGHEDE
VEREISTES:
stabiele internet,
oorfoonapparaat met mikrofoon
nienavanaswegen@gmail.com

GO
BUY
MOVING CAN BE DIFFICULT
SELLING NEVER SHOULD BE.
JOU OMGEWING SPESIALIS
• Randpark • Fontainebleau • Malanshof
• Ruiterhof • President Ridge • Moret
• Windsor Glen • Robin Hills • Robindale
Ons kliente is die hart van ons besigheid.
Ons verseker die beste waarde, meeste gemoedsrus op die maklikste manier.
Anton Pretorius
083 677 3747
anton.pretorius@everitt.co.za
CHAS EVERITT
INTERNATIONAL PROPERTY GROUP

Hulp met Rekeningkunde

Graad 8 tot 12

Kontak by Wouter Schoeman

Tel: 082 754 1024

ERNA BISSCHOFF (PTY) LTD

HET JY HULP NODIG MET WISKUNDE?

My metodes kan jou help om beter punte te behaal.

KABV KURRIKULUM GRAAD 8-12

Kontak Erna vir meer inligting.
Sel: 0796567764
Epos: ernabiss@gmail.com

011 792 2555

Dr Ryno de Vos

www.lacouronnedental.com

Februarie 2024

Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag	Saterdag	Sondag
29	30	31	1 Toets 1 Netbal: Ouervergadering in skoolsaal 18:30 Swem: Gala @ H/S Bryanston Dogterskrieket: vs Orange Farm (t) liga	2 Verjaar: K Kasselman Seunstennis: Liga A vs Helpmekaar (w), C vs St Peters (w) Atletiek: Montana (w) Krieket: Liga vs Steyn City Roadshow: Fairland	3 Krieket (mbw)	4
5 Toets 2 Admaths Gr 8-12 17:00 Gr 12 Verlengde Skool: Wisk. 14:00-15:15 Netbal: Monday Night Lights Seunstennis: D vs KHS (w) Rugby: Ouervergadering LO saal 18:00	6 Gr 12 Verlengde Skool: FW 14:00 Fairland tennis 14:00-16:30 (HSRB)	7 Toets 3 Krieket: Johny Waite vs Jeppe o/15 & 1stes (t) o/16, 2des en 1stes (w) Atletiek: Noordheuwel Top 15 Dogterstennis Liga: Rodean (w) Krieket o/14: St Davids (w)	8 Swem: Gala @ Curro Aurora Skiet: Ouerinligtingsvergadering 18:00 A6	9 Toets 4 Atletiek: Prestige @ UJ Seunstennis: Liga Bloedskenk HSRB 09:00-13:00	10 Krieket: Liga vs St Davids o/14&o/16 (t) o/15 & 1stes (w)	11
12 Verjaar: A Steenekamp S Koutsouradis Toets 5 Admaths Gr 8-12 17:00 Gr 12 Verlengde Skool: Wisk. 14:00-15:15 Netbal: Monday Night Lights Roadshow: Bryanston 07:30 Seunstennis: D vs Summerhill (t) Janco Kotze (Bedryfsielkundige) alle afrigters 14:15-15:00	13 Gr 12 Verlengde Skool: FW 14:00 Atletiek: Prestige Top 10 Dogterstennis Liga: King David Linksfield (t)	14 Krieket: Johny Waite vs Northcliff	15 Toets 6 Swem: Gala @ Trinity House Randpark Individuele Fotodag	16 Seunstennis: Liga (mbw)	17 Verjaar: P Els, C Snyman Krieket: Liga vs PBHS Valentynsbal 18:00-23:00 Curro Podium Finaal SANESA Ruitersport Gauteng-Wes Kwalifiserende Byeenkoms 1	18 SANESA Ruitersport Gauteng-Wes Kwalifiserende Byeenkoms 1
19 Verjaar: G Marshall Toets 7 Admaths Gr 8-12 17:00 Gr 12 Verlengde Skool: Wisk. 14:00-15:15 Netbal: Monday Night Lights Gr 7 Ouerinligtingaand Rusland rugby oefen op B veld 10:00-12:00	20 Gr 12 Verlengde Skool: FW 14:00 Dogterstennis Liga: St. Mary's (w) Rusland rugby oefen op B veld 10:00-12:00	21 Toets 8 Krieket: Johny Waite Reserwe dag Atletiek: Distrik Netbal: Beginners afrigterskursus (t) Gr 8 & 9 Prysuitdeling 18:30 Rusland rugby oefen op B veld 10:00-12:00	22 Verjaar: Lucky Tsiane Netbal: Advanced Rule discussion (skoolsaal) Gr 10 & 11 Prysuitdeling skoolsaal 18:30 Swem: Gala @ Northcliff HS Roadshow: Louw Geldenhuys 09:00 Fairland tennis (5 bane) Rusland rugby oefen op B veld 10:00-12:00	23 Atletiek: Noordheuwel Seunstennis: Liga (mbw) Roadshow: Unika Rusland rugby oefen op B veld 10:00-12:00	24 Krieket: vs Affies Netbal: Distrik toernooi 08:00-17:00 (t)	25 Koor Soiree 15:00 Ouditorium
26 Toets 9 Nominasies vir BL - Verkiesing Open Registrasie week vir stemgerigdigde ouers Admaths Gr 8-12 17:00 Gr 12 Verlengde Skool: Wisk. 14:00-15:15 Netbal: Monday Night Lights Rusland rugby oefen op B veld 10:00-12:00	27 Gr 12 Verlengde Skool: FW 14:00 Swem: Interhoër @ Curro Aurora 13:00 Dogterstennis Liga: St Stithian's (t) Rusland rugby oefen op B veld 10:00-12:00	28 Atletiek: Interhoër Pilditch Krieket: Johny Waite Uitspele Rusland rugby oefen op B veld 10:00-12:00	29 Netbal: Distrik Netbal praktiese skeidsregters werkswinkel (t) 14:30 Wintersportoefen rooster tree in werking Rusland rugby oefen op B veld 10:00-12:00	1	2	3